basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2014

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | 50 punte |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (2 x 25) 50 punte |

2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A en TWEE vrae uit AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ’n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer (35 x 2) 70 minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 My tassie vol onthou ... **[50]**

1.2 **Dis die beste geskenk wat ek nog ooit gekry het!** **[50]**

1.3 Die stad of platteland – my oase **[50]**

1.4 Dromer, soeker, sot!
Wie dra vandag my gesig? **[50]**

1.5 *'n Lewe waarin daar baie foute gemaak is,*
*is beter as een waarin niks bereik is nie.* **[50]**

1.6.1



[Uit: www.bituemen-for-roads-that-perform.com] **[50]**

1.6.2



[Uit: www.gladlylistening.wordpress.com] **[50]**

1.6.3




[Uit: http//www.St. Takla.org.Man-Mountain]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf skryfstukke van 180–200 woorde elk.

### 2.1 KLAGTEBRIEF

**Die nuwe SEBO–stofsuier!**

**Goedgekeur deur die Britse Allergiestigting**

**Ons**  **SEBO**

> Duursame en betroubare stofsuier
> Absoluut noodsaaklik vir allergielyers
> Uitstaande resultate op matte, harde vloere en die verwydering van alle troeteldierhare

**Verseker die beste stofsuier op die mark!**




Vir 'n gratis demonstrasie skakel:
086 111 4250
www.sebo.co.za

[Aangepas uit: *tuis*, Junie 2011]

Jy het besluit om die produk, soos hierbo geadverteer, aan te skaf. Maar, helaas, van al hierdie mooi beloftes het niks waar geword nie!

Skryf 'n brief aan SEBO se bestuurder waarin jy jou ontevredenheid oor dié produk uitspreek. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF: AANSOEK**

SOEK JY 'N NAWEEKWERK?

- Het jy 'n passie vir diere?
  - Is jy 'n verantwoordelike persoon?
    - Besit jy 'n redelike kennis van diereversorging?

Dán is jy 'n geskikte kandidaat!

**Rig jou aansoek aan die DBV, Posbus 497, Tzaneen, 2035**

Jy voldoen aan al die vereistes. Skryf jou AANSOEKBRIEF. **[25]**

2.3 **KOERANTBERIG**

Jy werk as junior verslaggewer by 'n koerant. Skryf die KOERANTBERIG wat by die volgende opskrif pas:

**Sanger vereer vir heldedaad!** **[25]**

2.4 **RESENSIE**

Daar het gedurende die afgelope jaar 'n rits interessante flieks verskyn.

Skryf 'n RESENSIE vir julle dorp/stad se koerant oor enige fliek wat jy vanjaar baie geniet het. **[25]**

2.5 **TOESPRAAK**

Jy is 'n motiveringspreker wat gereeld gevra word om graad 12-leerders toe te spreek.

Skryf jou TOESPRAAK oor:

***NUWE LESSE UIT OU FOUTE*** **[25]**

2.6 **HULDEBLYK**

Jou ouma/oupa is na 'n lang siekbed oorlede. Jy, as oudste kleinkind, moet namens al die kleinkinders 'n huldeblyk tydens die begrafnisdiens lewer.

Skryf jou HULDEBLYK. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**